ONS DOOP ONS KINDERS



'N HANDLEIDING VIR DOOPKATEGESE

ONS DOOP ONS KINDERS

'N HANDLEIDING VIR DOOPKATEGESE

- DS P L STEENKAMP
- DS J C VAN DER MERWE

Kital

ONS DOOP ONS KINDERS
© Kital, Posbus 5777, Pretoria 0001

ISBN 0 7986 1450 1

Eerste uitgawe, eerste druk 1984
tweede druk 1991

Tweede hersiene uitgawe, eerste druk 1995

Geset deur die Tydskrifafdeling: Ned Hervormde Kerk
Gedruk en gebind deur: Promedia Drukkers, Silverton

Inhoud

1	Inleiding	1
2	Wat is doopkategese?	2
3	Waarom moet ek my kinders laat doop?	3
4	Doop en verbond	5
	•God openbaar Hom in die verbondsluiting by die doop	6
	•Die doop is inlywing in die verbondsgemeenskap	6
	•Die mens se plek in die verbond	7
	• Sluit God met mense 'n verbond?	7
	•Wie is die nageslag van Abraham?	8
	•Die ou- en nuwe verbond	9
	•Verskille tussen ou- en nuwe verbond	9
	•Ooreenkoms tussen ou- en nuwe verbond	11
	•Die teken en seël van die nuwe verbond	11
	•Die teken van God se verbond met Abraham is die besnydenis	12
	•Wat is die teken van die nuwe verbond?	12
5	Die kinderdoop of suigelingdoop	15
	•Die doop van kinders (suigelinge)	15
6	Waarom lees ons in die Bybel dan slegs van die doop van volwassenes?	18
7	Die geskiedenis van die kerk	21
8	Hoe moet 'n mens gedoop word?	22
9	Ander belangrike sake in verband met die doop	24
	•Wat is die Heidelbergse Kategismus?	24
	•Die regverdiging van die goddelose deur die geloof	26
	•Wat beteken die woord *regverdiging?*	26
	•God skenk geloof	27
10	Woord en sakrament	28
11	Die Heilige Gees en die doop	31
	•Is die doop noodsaaklik?	32
12	Die dopeling: God se eiendom en deel van sy kerk	33
	•God se eiendom	33
	•Deel van sy kerk	33
13	Ouers – U verantwoordelikheid!	35

1 INLEIDING

Baie geluk met die geboorte van u kind!

Die grootste voorreg wat enige mens kan hê, is om 'n getuie te wees van lewe. As ouers is u nie alleen net getuies van 'n nuwe lewe nie. U is intens daarby betrokke. U was instrumenteel in die hand van God om 'n lewe te verwek en 'n kind in die wêreld te bring. Wanneer 'n mens dit besef, laat dit jou opnuut klein en onwaardig voel. Die Almagtige God, Skepper en Onderhouer van lewe het ons gebruik om nuwe lewe te skep. Nou staan u voor u radikale keuse.

U kan u kind van nou af opvoed om eendag self te kies om in die regte verhouding met God te leef. Aan die ander kant kan u hierdie verantwoordelikheid ignoreer. Die verantwoordelikheid om u kind op te voed om in die regte verhouding met God te leef, begin met die besluit om u kind te doop.

Voordat u egter u kind(ers) doop, is dit belangrik om die doop baie goed te verstaan.

Ons versoek u dus om hierdie boekie noukeurg deur te lees en die vrae te beantwoord voordat u die doopkategese bywoon, sodat ons tydens die doopkategese 'n sinvolle gesprek oor die doop kan voer.

Daar is baie onsekerheid en verwarring rondom die doop.

Daar is byvoorbeeld argumente ten gunste van die **kinderdoop** en daar is argumente **teen** die kinderdoop. Daar is argumente oor die **metode** van die doop – sommiges argumenteer dat slegs onderdompeling as metode vir die doop aanvaarbaar is, terwyl ander groepe nie so sterk argumenteer ten gunste van 'n spesifieke metode nie.

Daar is verskeie ander redenasies oor die betekenis en bedoeling van die doop ook. Al die standpunte en al die argumente skep verwarring. Dit skep nie alleen verwarring nie, maar dit vermag ook nie veel nie. Die argumente oor die doop is eeue oud en nog is daar oor talle aangeleenthede in verband met die doop nie eenstemmigheid nie. Wat is reg en wat is verkeerd? Wat is korrek volgens die Bybel, en wat nie? Ons gaan van

hierdie vrae in hierdie boekie beantwoord sodat u nie met onsekerheid en verwarring u kind ten doop hou nie.

2 WAT IS DOOPKATEGESE?

Nadat u die boekie deurgewerk het, kom u vir doopkategese. Wat is doopkategese? Waarom moet ek dit bywoon?

- Doopkategese is 'n gesprek oor die doop. Maar dit is ook meer as net 'n gesprek – dit is 'n leergeleentheid. Tydens die geleentheid praat ons met mekaar oor die betekenis van die doop en u kry die geleentheid om die onduidelikhede wat mag bestaan, uit die weg te ruim.

- Doopkategese is verder die geleentheid wat deur die kerkraad benut word, sodat die kerkraad sy plig en roeping kan uitvoer. Met die *roeping en plig* van die kerkraad bedoel ons dat die kerkraad die doop heilig moet hou en gereeld geleentheid skep om die doop te bedien. Om hierdie rede vergewis die kerkraad hom van die kennis van die ouers oor die betekenis van die doop en onderrig diegene wat die betekenis daarvan nie verstaan nie.

- Doopkategese is die geleentheid waartydens ons onsself ontvanklik stel vir die evangelie wat vertel van die verlossing in Jesus Christus, waaraan ons deel gekry het.

Die doop is nie net 'n tradisie, gewoonte of 'n gebruik nie. Dit is 'n sakrament wat op 'n baie besondere manier iets vir ons wil vertel. Om hierdie rede kan ons nie die doop uit gewoonte of bygeloof laat bedien nie. Dit is ook nie maar net die geleentheid waartydens ons kind *'n naam kry* nie. Die doop bly 'n instrument in die hand van God om die genade waaraan ons in Christus deel kry, in ons lewe in te dra tot ons eie saligheid.

Wanneer u kind ten doop gehou word, sal u eerlik op die volgende vrae moet antwoord:

- *Aanvaar u dat ons kinders wat van hulle eerste lewensoomblik sondig is en in sonde gebore word, in die ellende van die sonde en onder die oordeel van God verkeer?*

- *Bely u nogtans dat hulle deur Jesus Christus verlos is en daarom as lidmate van sy gemeente gedoop behoort te wees?*

- *Bely u ook dat die leer van die Ou en Nuwe Testament wat in ons belydenis saamgevat is en in die Kerk hier geleer word, die ware en volkome leer van die verlossing is?*

- Ten slotte: *Beloof u en is dit u voorneme om hierdie kind van u, sodra hy dit kan verstaan, hieroor na u vermoë te onderrig en te laat onderrig?*

Hierdie boekie wil u help om eerlik en opreg op hierdie vrae te antwoord wanneer u kind ten doop gehou word.

3 WAAROM MOET EK MY KINDERS LAAT DOOP?

INLEIDING

Kom ons kyk vir 'n oomblik na die **EK** waarvan ons in die vraag praat.

Wie is ***ek***?

- Ek is nie iets of iemand anders as 'n gelowige, belydende Christen nie. Ek is dus iemand wat glo dat Jesus Christus my Saligmaker en Verlosser is.

Wat bedoel ons met die woord **GELOWIGE?**

'n Persoon word 'n gelowige of Christen genoem wanneer daar 'n innige verbondenheid tussen so 'n mens en Christus bestaan. Die verhouding tussen Jesus Christus en 'n gelowige is 'n besondere unieke verhouding. Om hierdie rede beskryf ons die verhouding met die uitdrukking *innige verbondenheid.* Om iets van die verhouding en die

kwaliteit van *innige verbondenheid* te begryp, kan ons na die volgende Bybelgedeeltes kyk:

LEES:

Johannes 15 :1-8
Romeine 12 :1-8
1 Korintiërs 12 :12-31

In al drie hierdie Bybeldele word telkens 'n beeld gebruik om die verhouding tussen Christus en gelowiges uit te druk.

- Johannes 15 gebruik die beeld van 'n wingerdstok en die lote. As die lote nie aan die stam geheg is nie, kan daar geen groei en geen toename in vrug wees nie. Die hegting van die lote aan die stam impliseer voortdurende beweging, dinamiek en lewenskragtigheid.

- In Romeine 12 en 1 Korintiërs 12 word die beeld van die liggaam gebruik. 'n Mens kan hoogstens die ledemate van die liggaam identifiseer en elkeen afsonderlik benoem. Die ledemate is egter nie die liggaam en die liggaam is nie volledig meer 'n liggaam sonder die ledemate nie.

Daar is egter meer in hierdie beelde opgesluit as wat met die eerste oogopslag mag blyk.

Die beelde van die wynstok en die lote en die liggaam wil vir ons iets sê van beweging, van voortdurende groei en vooruitgang, van transformasie of verandering. Die verhouding tussen Christus en gelowiges is nie 'n statiese (stilstaande) verhouding nie. Soos met enige verhouding, is daar ook in die verhouding tussen Christus en die gelowige, 'n lewenskragtige dinamiek. Daar is beweging en interaksie. Die gelowige is voortdurend besig om die Lewende God te leer ken as die oneindige, ewige en onsterflike God. Die God wat nie gemaak of verwek is nie en wat nie van mense afhanklik is nie.

In die teenwoordigheid van God leer jy jouself ken as verganklik, sterflik en eindig. Dit vervul 'n mens met die insig en oortuiging dat jou afhanklikheid van God volkome is. Dit beteken dat 'n mens elke dag opnuut besef hoe groot jou nood is aan verlossing. Dit is dan wanneer jy

Christus leer ken as jou Verlosser. Die kruis, graf en opstanding van Jesus Christus is vir ons die tekens van verlossing; die tekens van die nuwe Lewe waaraan ons deel mag hê – nie omdat ons dit verdien het nie, maar omdat die oneindige, ewige en onsterflike God in sy genade mense bestem tot vergifnis en verlossing.

In Christus het ons vry geword – verlostes geword. Ons lewenspraktyke getuig egter nog dat ons steeds sondaars is wat sonde doen; dat ons die roeping het om 'n lewenslange stryd teen die sonde te stry. Selfs hiervoor is ons uit onsself onmagtig en kan ons nie anders as om in afhanklikheid van Jesus Christus, ons lewe in sy hand te plaas nie.

Sonder 'n innige verbondenheid aan Jesus Christus is hierdie insig en die belydenis van afhanklikheid aan Hom nie moontlik nie. Sonder 'n verbondenheid aan Jesus Christus is verlossing nie moontlik nie en ook nie die genade om voortdurend te word wat ons alreeds is nie. Sonder Jesus Christus is die lewe en ons werk en die opvoeding van ons kinders sinlose praktyke en is ons bestaan gedoem tot betekenisloosheid.

Ek is 'n sondaar. Ek is egter nie 'n verlore sondaar nie, maar 'n verloste sondaar, wat op grond van God se bemoeienis met my, die genade ontvang het om te glo en om in 'n innige verbondenheid met Jesus Christus te leef. Ek is inderdaad 'n sondaar – God se sondaar!

4 DOOP EN VERBOND

God se verbond

Een van die eerste sake waaroor ons moet praat wanneer ons oor die doop praat, is die *verbond*. Wat is die *verbond*? Is dit belangrik om daarvan iets te weet?

Die woord *verbond* is 'n uitdrukking wat sê dat God 'n verhouding met sy volk tot stand bring. Die uitdrukking *doop en verbond* bring weer die feit tot uitdrukking dat God die doop gebruik om die verhouding sigbaar af te beeld.

Die eie aard van die verbondsverhouding word in die volgende para-

grawe nader omskrywe.

God openbaar Hom in die verbondsluiting by die doop

Die verbondsluiting tussen God en mense dui op 'n vaste en bestendige verhouding van trou en blywende gemeenskap, waarin God Homself aan die mens openbaar.

In die Ou Testament het God Hom in die verbondsluiting geopenbaar as die ewige God wat deur die gang van die geskiedenis sy volk van geslag tot geslag begelei (Gen 17:7 en 8).

- Tydens die doop gee God die Vader aan ons die versekering dat Hy wel 'n blywende verbond van genade met ons sluit. Hy neem ons aan as sy kinders en erfgename. God die Seun verseker ons tydens die doop dat hy die dopeling reeds met God versoen het, sodat God die dopeling as 'n vrygespreekte reken.

- God, die Heilige Gees, openbaar dat Hy geloof aan die dopeling sal skenk en die geloof in stand sal hou en dat Hy die dopeling deur die gang van die geskiedenis na die wederkoms van Jesus Christus sal begelei.

- Wanneer u kind gedoop word, openbaar God aan u en u kind wie Hy is en wat Hy doen. Daarom is dit belangrik dat u kind, soos hy of sy opgroei, hieroor breedvoeriger onderrig moet word.

Die doop is inlywing in die verbondsgemeenskap

- Wanneer God by die doop openbaar wie Hy is en wat Hy doen, is Hy daarmee besig om aan die dopeling 'n sigbare teken te gee dat hy deel van 'n verbondsgemeenskap is. Hierdie verbondsgemeenskap is die gemeente van die Here Jesus Christus.

- Só versamel en roep God vir Hom uit die menslike geslag, 'n gemeente tot die ewige lewe.

- Om deel van die verbondsgemeenskap te word, beteken óók dat die gemeente 'n verantwoordelikheid ten opsigte van die dopeling het. Die gemeente is die getuies deur wie God sy Woord aan die dopeling bedien. Hulle is die mense wat sáám met die ouers en ampsdraers die Woord van God aan die dopeling moet bring, sodat hy binne die kring van die verbondsgemeenskap geestelik versorg kan word. In hierdie

verhouding van gelowiges teenoor mekaar kom iets tot uitdrukking van die gemeenskap van die gelowiges.

Die mens se plek in die verbond

Die verbond wys aan die mens wat daarin opgeneem is 'n besondere plek aan. Die plek word deur die begrippe *afsondering* en *heiliging* beskrywe.

- Die dopeling word deur die verbondsluiting met God aan God afgesonder. In 'n positiewe sin beteken dit dat die dopeling God se liefde moet beantwoord deur in gehoorsaamheid aan die Wet te leef. Dit beteken dat hy God moet aanbid en verheerlik deur saam met die kerk te werk, die evangelie te versprei en die vernietigende krag van die sonde in die wêreld teen te werk. Uit die aard van die saak vra dit van ouers die toewyding om hulle kind hiertoe op te voed.

- Die plek van die dopeling in die verbondsverhouding met God, kan dus met die uitdrukkings *antwoord aan God* of *gehoorsame lewe aan God* beskrywe word. Die verbondsverhouding wat God uit sy vrymag aan die dopeling skenk en deur die doop sigbaar maak, is die sigbare beginpunt van 'n lewe waarin die dopeling voortdurend God se Woord sal hou en sy wil sal doen. Dit vra van ons om voortdurend te word wat ons reeds in Christus is.

Sluit God met mense 'n verbond?

Reeds in die Ou Testament lees ons dat God met die mens 'n verbond gesluit het. So 'n mens was byvoorbeeld Abraham.

LEES:

Genesis 17: God se verbond met Abraham

Hierbo het ons al gesê dat God die inisiatief by verbondsluiting neem.

Op hierdie grondslag het God met Abraham 'n verbond gesluit. In hierdie verbond verbind die Here Homself om sekere behoeftes teenoor

Abraham én sy nageslag na te kom.

Die beloftes wat God teenoor Abraham gemaak het, behels dat God 'n persoonlike verhouding met Abraham sou handhaaf, en dat hierdie verhouding ook tussen God en Abraham se nageslag sou bestaan. God bemaak dus aan Abraham en sy nageslag sekere voorregte, sonder om eers vir Abraham daaroor te raadpleeg.

Almal van ons is egter daarvan bewus dat so 'n persoonlike verhouding met God nie moontlik is nie, omdat ons sonde in die pad daarvan staan.

LEES:

Jesaja 59: 1-2

Ons sonde wat hieruit voortvloei word 'n muur tussen ons en God.

Nou ontstaan die vraag: **Hoe kon God met Abraham 'n verbond sluit terwyl hy 'n sondaar was?**

God sluit juis met sondaars 'n verbond, sodat Hy die gebroke verhouding kan herstel.

Wie is die nageslag van Abraham?

LEES:

Romeine 4: 12-16
Galasiërs 3: 7,29

Die nageslag van Abraham word nie bepaal deur nasionaliteit nie, ook nie deur taal, ras of kleur nie. Selfs diegene wat nie Jode is nie, kan volgens Galasiërs 3:14 tot die nageslag van Abraham behoort.

As 'n mens se nasionaliteit of ander eksterne faktore nie die bepalende

faktor is in die vraag wie die nageslag van Abraham is nie, hoe word die nageslag van Abraham dan bepaal?

Die antwoord op die vraag is dat almal wat deur Jesus Christus in die regte verhouding met God gestel word, die nageslag van Abraham is (Gal 3:7).

Jou geloof in Jesus Christus as jou enigste Saligmaker en Verlosser, maak van jou 'n ERFGENAAM van die verbond wat God met Abraham gesluit het.

DIE OU- EN NUWE VERBOND

Wanneer ons van God se verbond praat, kan ons onderskei tussen die *ou verbond* en die *nuwe verbond*. Die feit dat ons van die *ou* verbond en die *nuwe* verbond praat, beteken nie dat daar twee verskillende verbonde bestaan nie. Hoewel daar verskille tussen die ou en die nuwe verbond bestaan, is die ooreenkomste groter as die verskille. In werklikheid bestaan daar net een verbond naamlik: *Die genadeverbond van God met sondaars*. Waarom praat ons dan van die ou verbond en die nuwe verbond?

LEES:

Jeremia 32: 31-34
Hebreërs 8: 1-13

God self, die Een wat op eie inisiatief met mense 'n verbond sluit, laat blyk dat Hy met sy volk 'n nuwe verbond sou sluit. Reeds in die tydperk van die *ou verbond*, word 'n *nuwe verbond* in die vooruitsig gestel. Oor die nuwe verbond lees ons in Hebreërs 8:7: *As daar aan die eerste verbond niks kortgekom het nie, sou 'n tweede nie nodig gewees het nie.*

Verskille tussen ou- en nuwe verbond

Wanneer ons die ou verbond en nuwe verbond met mekaar vergelyk, dan sien ons die volgende verskille:

- Die eerste of ou verbond is 'n voorbereiding vir die tweede of nuwe

verbond. Die ou verbond se *tekortkoming* is geleë in die feit dat dit beperk is. Die ou verbond is beperk tot die Ou-Testamentiese verbondsvolk, Israel. Die nuwe verbond daarenteen, is baie meer uitgebreid en omvattend. Die nuwe verbond sluit die ou verbond in.

- In die ou verbond is die wet as *tugmeester* bygevoeg, om die volk na God terug te lei. *Die wet is nie dadelik gegee toe God met Abraham die verbond gesluit het nie, maar is later bygevoeg.* Hierdie gedagte kry ons in Galasiërs 3:19. In die gedeelte kom die gedagte dat die wet die *volk moes oppas, totdat Jesus gekom het*, ook na vore. (Met *wet* bedoel ons die *Tien Gebooie*).

- Die vraag is nou: Watter verskil het die koms van Jesus aan die rol en funksie van die wet gemaak? Wat duidelik is, is dat die wet na die koms van Jesus nie opgehef is of kragteloos verklaar is nie. Net so het sy lyding, sterwe, begrafnis, opstanding en hemelvaart, nie die wet vernietig of opgehef nie. Jesus het wel die wet volkome vervul en daarom het die wet nou 'n nuwe funksie. Die wet is ná Christus nie meer 'n *verlossingsmiddel* nie, maar 'n *reël van dankbaarheid.*

- Hiermee bedoel ons dit: Die wet bly die norm en die riglyn vir 'n mens se lewe om dankbaarheid te betoon vir al die genade en liefde wat God aan jou bewys. Die wet kan jou nie salig maak nie. Net so min kan die wet jou in die regte verhouding tot God stel. Alleen Christus kan jou salig maak, en alleen deur 'n opregte geloof in Jesus Christus kan jy in die regte verhouding tot God gestel word.

Jesus Christus se koms na ons wêreld geskied juis met die doel om ons in die regte verhouding tot God te stel. Dit gebeur deur sy lyding, sterwe, opstanding en hemelvaart. Ons glo dit en bely dit, soos wat dit in die *Twaalf Artikels* saamgevat is. Maar nou het Hy ook die Heilige Gees aan ons geskenk wat in ons kom woon het. Dit is juis die Gees wat my in staat stel om die gesindheid wat die wet van my eis, na te kom, naamlik om God en my naaste lief te hê.

Dit beteken nou nie dat jy iets kan verdien wanneer jy hierdie gesindheid wat die wet eis, uitleef nie. Nee, jy leef volgens die eis van die wet uit dankbaarheid vir dit wat jy reeds ontvang het.

Liefde vir God en die liefde vir jou naaste is die antwoord wat jy moet gee op God se liefde vir jou.

Ooreenkoms tussen ou- en nuwe verbond

- Wanneer ons sê dat die ou verbond nie in teenstelling tot die nuwe verbond staan nie, en wanneer ons sê dat God nie sy verbond vernietig het nie, dan sê ons daarmee dat die ou verbond en die nuwe verbond in wese nog dieselfde is.

- Kom ons kyk net kortliks weer na die verbondsluiting tussen God en Abraham in Genesis 17:7. Daar sal ons sien dat die ou verbond en nuwe verbond nie twee verbonde is nie, maar dat ons eintlik maar met een verbond te doen het: *Ek bring 'n verbond tot stand tussen My en jou en jou nageslag en al hulle geslagte. Dit is 'n blywende verbond: Ek sal jou God wees en ook die God van jou nageslag.*

- Die verbond bevat 'n belofte van God. God onderneem om 'n persoonlike verhouding te handhaaf met diegene met wie Hy sy verbond sluit. God belowe om persoonlik vir die mens, God te wees. Wanneer die skrywer van Hebreërs van Christus praat as *die Hoëpriester van 'n beter en nuwe verbond*, dan sê hy ook dat die belofte van God aan Abraham, *Ek sal jou God wees*, ook in die nuwe verbond geld.

Ons kan ook sê dat dieselfde God wat met Abraham sy verbond sluit, ook met ons, die geestelike nageslag van Abraham, 'n verbond sluit deur bemiddeling van Jesus Christus .

Die nuwe verbond is 'n voortsetting van die ou verbond op 'n ander of nuwe, beter manier, sodat alle gelowiges, al is hulle nie bloedafstammelinge van Abraham nie, ook deel kan hê aan God se verbond en die belofte van die verbond – *Ek sal jou God wees.*

DIE TEKEN EN SEëL VAN DIE VERBOND

LEES:

Genesis 17: 10-14. Die teken van die verbond

Ons het nou reeds 'n paar keer gesê dat God wanneer Hy 'n verbond sluit, Homself aan dié mens verbind met 'n bepaalde belofte. God gee egter 'n teken as bewys van die sekerheid van sy belofte. Ons noem hierdie teken normaalweg die *teken van die verbond* of *verbondsteken.*

Die teken van God se verbond met Abraham is die besnydenis

Die doel van die verbondsteken was om die ontvangers voortdurend aan God se verbondstrou te herinner. Met die woord *verbondstrou* bedoel ons dat God getrou is, en dat Hy sy belofte getrou sal uitvoer. Dit beteken dat die draer van die verbondsteken altyd deur dié teken herinner word aan die belofte van God en dat God getrou is en sy beloftes sal uitvoer.

Die teken van die verbond sê nie vir ons iets oor die persoon wat dit ontvang nie. Al wat van die draer van die verbondsteken gesê kan word, is dat hy die teken van God se genadeverbond dra. Die feit dat mense die teken van die verbond dra, sê nie vir ons dat hulle geloof so sterk is of dat die kwaliteit van hulle geestelike lewe só hoogstaande is nie. Die teendeel is waar. Dit sê juis vir ons dat 'n sondaarmens nie kan leef buite die genadeverbond van God nie. Die teken wys altyd weg van die mens af na God toe. God het sekere beloftes gemaak; God het met mense 'n verbond gesluit; God is getrou; God is genadig; God sal sy beloftes uitvoer. Die draer van die verbondsteken word deur die teken altyd aan dié God van die verbond herinner.

Ons lees in Genesis 17:24 dat Abraham *nege-en-negentig was toe hy besny was.* Abraham was dus al 'n ou man. Maar dit het nie beteken dat sy nageslag die teken van die verbond sou ontvang slegs as hulle so oud soos hy was nie. Ons lees in Genesis 17:12 dat 'n seuntjie van agt dae besny moes word. So lees ons byvoorbeeld in Genesis 21:4 dat Isak die teken van die verbond ontvang het toe hy agt dae oud was, selfs al het sy pa die teken eers as 'n ou man ontvang. (Onthou nou dat God se verbond Abraham en sy nageslag insluit. In die tyd van Abraham se nageslag bestaan die verbond reeds en word die nageslag van Abraham deel van die verbondsvolk, selfs al verstaan hulle dit nie. Die punt is: God se genade sluit die nageslag in die verbond in).

Die feit dat net seuntjies besny is, het nie beteken dat vrouens nie deel gehad het aan die verbond nie. Die nageslag sluit tog vrouens ook in. Die rede waarom net seuntjies besny is, is omdat die manlike geslag se name hoofsaaklik gebruik is om die geslagslyn te bepaal (vergelyk byvoorbeeld die geslagsregister in Matteus 1).

Wat is die teken van die nuwe verbond?

Ons het nou al gesien dat die besnydenis die teken van die ou verbond was. Ons het ook gesien dat die nageslag van Abraham met wie God die

verbond gesluit het, nie deur volksverwantskap of afkoms bepaal word nie, maar deur 'n mens se verbondendheid aan Christus. Christus, so het ons ook gesien, is die Bemiddelaar van 'n nuwe en beter verbond.

Wanneer ons dan vra wat die teken van die nuwe verbond is, dan is ons tegelykertyd ook besig om te vra, hoe jy in Christus *ingelyf word*, of hoe 'n mens deel kry aan die verlossing in Christus. Ons kan ons hierin laat lei deur Kolossense 2:11, 12.

LEES:

Kolossense 2: 6-15

Die skrywer van hierdie brief begin met die oproep aan die lesers (Christene van vandag is ook die leserskring van die brief) om in verbondenheid met Christus te lewe noudat hulle Hom as Here aangeneem het. 'n Mens wat in verbondenheid met Christus lewe, moet daarteen waak om nie mislei te word en uiteindelik op 'n dwaalspoor te beland nie. Christus is en bly immers die *Hoof oor al die owerhede en magte*. Daarna kom vers 11 en 12 wat vir ons belangrik is. In hierdie twee verse stel die skrywer dat 'n mens ook deur die ***doop*** aan Christus verbind word. Om te sê dat iemand aan Christus behoort, is dieselfde as om te sê dat 'n mens aan Christus verbonde is of *in Christus* is.

Die skrywer gebruik die uitdrukking: ***die besnydenis deur Christus***. Hierdie uitdrukking beteken iets anders as die besnydenis wat 'n teken van die ou verbond was. *Die besnydenis deur Christus* bestaan daaruit dat die sondige natuur van die mens verbreek word. Hierdie *besnydenis deur Christus* gebeur by die doop. In vers 12 gaan die skrywer nou verder en sê dat die mens wat gedoop is, saam met Christus gesterf het en saam met Hom opgewek is. (Hierdie gedagte kry ons ook in Romeine 6:1-14).

- Wat egter in Kolossense 2: 11, 12 belangrik is, is dat ons 'n baie duidelike antwoord kry op die vraag oor hoe 'n mens aan Christus verbind word, en tegelykertyd ook 'n antwoord op die vraag: wat is die teken van die nuwe verbond?

- Ons kan dus sê dat die doop die plek in die nuwe verbond inneem, wat die besnydenis in die ou verbond ingeneem het. Die doop is vir ons 'n

teken van God se genadeverbond, en wys van ons af weg na God toe. Dit vertel ook vir ons iets van God wat sy genade aan ons skenk, en dat Hy ons God is wat ons wil bewaar.

- Die doop is egter ook meer as bloot net 'n teken. Die doop as teken van God se verbond is ook 'n bevestiging van die trou van God, wat deur Jesus Christus die belofte wat Hy gemaak het, reeds uitgevoer het.

BEANTWOORD DIE VOLGENDE VRAE:

1. Sê kortliks hoe die ou verbond en die nuwe verbond van mekaar verskil.

.....

.....

2. Sê kortliks wat die ooreenkoms tussen die ou verbond en die nuwe verbond is.

.....

.....

3. Wat is die teken van die ou verbond?

.....

4. Wat is die teken van die nuwe verbond?

.....

5. Waaraan herinner die teken van die verbond die draer van die teken?

.....

5 DIE KINDERDOOP OF SUIGELINGDOOP

Daar is baie verskillende opinies van die wyse hoe en die tyd wanneer gedoop moet word. Dit is nie ons bedoeling om breedvoerig op elkeen van die verskillende sienings in te gaan nie. Ons doel met hierdie boekie is om aan u 'n oorsig te bied van die wyse waarop die doop in ons kerk verstaan word.

Die doop van kinders (suigelinge)

LEES:

Markus 10: 13 - 16
Heidelbergse Kategismus

Sondag 27:

Vraag 74:
Moet die jong kinders ook gedoop word?

Antwoord:
Ja, aangesien hulle net soos volwassenes in die verbond van God en sy gemeente ingesluit is. Ook aan hulle word nie minder as aan die volwassenes deur die bloed van Christus die verlossing van die sondes en die Heilige Gees wat die geloof werk, beloof nie. Daarom moet hulle ook deur die doop as teken van die verbond in die Christelike kerk ingelyf en van die kinders van die ongelowiges onderskei word. So is dit in die ou verbond deur die besnydenis gedoen in die plek waarvan in die nuwe verbond die doop ingestel is.

Onthou u toe ons oor die teken van die verbond gepraat het? Daar het ons gesien dat Abraham die teken (besnydenis) ontvang het toe hy al 'n ou man was. Isak is egter besny toe hy slegs agt dae oud was. Na aanleiding van Genesis 17:12 is alle Joodse seuntjies van daardie tyd af na agt dae besny.

Omdat die betekenis van die ou en die nuwe verbond dan dieselfde is, en terwyl kinders ingesluit was in die ou verbond, is daar geen rede om

kinders uit die nuwe verbond uit te sluit nie.

Soos ons reeds gesien het, was die teken van die verbond in die Ou Testament, die besnydenis. Hierdie teken moes die draer daarvan altyd na God se belofte heenwys. Die belofte van God is dat Hy met die draer van die teken van die verbond 'n persoonlike verhouding wil en sal handhaaf. In die nuwe verbond gaan dit ook daarom dat die teken van die verbond die draer van die teken na God se belofte heenwys.

Daarom kan ons die volgende sê: **God sou tog nie slegs in die ou verbond wou hê dat kindertjies die teken van die verbond moes ontvang terwyl dit in die NUWE (en beter) verbond nie meer moontlik is nie.**

Een feit staan egter vas. Dit is dat kinders net soos volwassenes alleen gered kan word deur Jesus Christus. Net soos volwassenes is kinders ook van nature sondaars. Dit beteken dat kinders, ook suigelinge, net soos volwassenes van nature sonde doen.

Daarom word die teken van hoe ons verlos word, naamlik deur die bloed van Christus alleen, ook aan hulle gegee. Jesus se kruisdood was tog nie 'n kruisdood slegs ter wille van volwassenes nie.

In sommige kringe bestaan die gebruik om kindertjies *in te seën.* Nêrens in die Bybel lees ons dat Christus beveel het dat kindertjies *ingeseën* moet word nie.

Die gedeelte in Markus 10 het nou wel niks met die doop as sodanig te doen nie. Die feit dat Jesus egter die kindertjies die hande opgelê het en hulle geseën het, beteken dat Hyself die koninkryk van God ook vir die kindertjies geopen het.

Die woord in die Griekse Nuwe Testament wat hier met kindertjies vertaal word, dui op klein kindertjies, selfs suigelinge. Daarom kan ons sê, die kindertjies wat deur Jesus geseën is, het op daardie oomblik toe hulle geseën is, nie regtig verstaan wat dit wat die Here Jesus aan hulle gee, beteken nie. En wat was die betekenis daarvan net nie vir hulle nie? Toe Jesus die kindertjies seën, het Hy vir hulle deel gegee aan al die seëninge van die koninkryk van God.

LEES:

Galasiërs 5 : 18 en 19

Aan watter van die dinge wat hier genoem word, kan 'n mens sien dat 'n suigeling net soos volwassenes van nature sonde doen?

.....

.....

Toegegee, 'n suigeling sondig nie bewustelik nie. Maar die feit dat 'n pasgebore babatjie woedend kan word en op 'n baie vroeë ouderdom jaloers kan wees en vroeg reeds kan rusie maak, en dit sonder dat iemand hom of haar dit geleer het, is genoeg bewys dat 'n mens van nature sondig is en doen wat verkeerd is. Dit gaan hier om die feit dat 'n mens 'n sondaar is en daarom doen jy sonde. Die omgekeerde is nie waar nie. 'n Mens word nie 'n sondaar nadat jy eers sonde gedoen het nie.

LEES:

Handelinge 8: 14-17
Handelinge 19: 5,6

Let op hoe die Heilige Gees in hierdie twee Bybelgedeeltes met die doop verbind is.

Die betekenis hiervan is: deur die werk van die Heilige Gees word die een wat gedoop word, in Christus ingelyf en so word die belofte van die koninkryk van God gemaak aan die persoon wat gedoop word. Daarom staan daar in ons doopformulier onder andere ook hierdie woorde: *As ons in die Naam van die Heilige Gees gedoop word, verseker die Heilige Gees ons deur hierdie sakrament dat... ons uiteindelik volmaak sal wees as ons in die gemeente van die uitverkorenes in die ewige lewe gestel sal word.*

Die kindertjies wat deur Jesus geseën is, het deur die Heilige Gees, dieselfde belofte ontvang as wat 'n volwassene wat gedoop is, ontvang naam-

lik die koninkryk van God en die ewige lewe.

Dit beteken slegs een ding: Ons deel nie in die gawes van God omdat ons so goed, slim of so gelowig is nie. Ons deel alleen in die gawes van God omdat God ons eerste liefgehad het.

Voordat daar enige sprake daarvan is dat ons die genade van God kan verdien, skenk Hy dit verniet aan ons. Van alle mense is klein kindertjies (veral suigelinge) in elk geval die minste in staat om iets te doen waarmee hulle iets by God kan verdien. Daarom kan ons sê: **Die doop van klein kindertjies van gelowige ouers is die duidelikste en helderste verkondiging van die genade van God wat ons in elk geval nooit kan verdien nie.**

6 WAAROM LEES ONS IN DIE BYBEL DAN SLEGS VAN DIE DOOP VAN VOLWASSENES?

Dit is waar dat ons in die Bybel slegs lees van volwassenes wat gedoop is. Waarom lees ons nie ook spesifiek van kinders wat gedoop is nie?

Die antwoord op hierdie vraag vind ons in die feit dat die Nuwe Testament, veral die boek Handelinge, geskryf is na aanleiding van die *sendingopdrag* van Jesus. Na Jesus se opstanding uit die dood het Hy sy dissipels beveel om *na al die nasies toe* te gaan en die mense sy dissipels te maak. Hierdie opdrag van Jesus bevat verder die opdrag om die mense te doop en hulle te onderrig. Hiermee saam het Jesus ook gesê wat aan die mense geleer moes word, naamlik alles wat Hy sy dissipels beveel het en geleer het terwyl Hy saam met hulle was.

Die boek, Handelinge, beskryf die uitvoering van hierdie besondere opdrag wat Jesus aan sy dissipels gegee het.

Die dissipels het na Pinkster (die uitstorting van die Heilige Gees) begin om die evangelie van verlossing aan die mense te verkondig. Hulle het hulle sendingopdrag gaan uitvoer.

Daarom sê ons dat die Nuwe Testament ook verstaan moet word teen die agtergrond van 'n sendingsituasie. Veral in Handelinge kry ons 'n beskrywing van hoe heidene, (mense wat Christus nie geken het nie en

nie in Hom glo nie) onder leiding van die Heilige Gees, gelowig reageer op die verkondiging van die dissipels dat Jesus Christus, die Here, nadat Hy gekruisig is, uit die dood opgestaan het en na die hemel opgevaar het.

Die heidene wat gelowig gereageer het op die prediking van die evangelie, is gedoop en so het hulle dan deel gekry aan die verbond van God.

Verder moet ons onthou dat daar gedurende die tyd nog geen Christelike kerk was nie. Die Christelike kerk word gestig deur die verkondiging van die evangelie van Jesus Christus. Die doop wat gedurende hierdie tyd bedien word, is die teken daarvan dat die dopeling tot die kerk toetree.

Dit is dus vanselfsprekend dat ons in die Nuwe Testament lees van volwassenes wat gedoop is.

Maar afgesien van die individuele volwassenes waarvan ons lees dat hulle tot geloof gekom het, lees ons ook van huisgesinne wat gedoop is. 'n Huisgesin in die tyd van Nuwe Testament het bestaan uit diegene wat aan mekaar verbind is deur bande van bloed en huwelik, sowel as die slawe en diensknegte wat in dieselfde huis gewoon het. Wanneer 'n huisgesin gedoop is, het dit al hierdie mense (volwassenes en kinders) ingesluit. Hoewel ons nie eksplisiet lees van kinders wat gedoop is nie kan ons met sekerheid aanvaar dat indien daar kinders by van hierdie huisgesinne teenwoordig was, hulle ook gedoop sou word.

Die uitdrukking ***hy en sy huis is gedoop*** is 'n uitdrukking wat 'n Jood nie anders kon verstaan as dat babatjies daarby ingesluit word nie.

Daar is, in die lig van die genade en die liefde van God, soos dit reeds in die ou verbond na vore kom in die feit dat God ook kinders aanneem, geen rede om kinders van die doop of die teken van die genadeverbond te weerhou nie.

Om die doop as teken van God se verbond van 'n kind te weerhou, beteken by implikasie:

- dat jy God se almag, waarvolgens Hy ook aan 'n kind genade kan betoon, nie erken nie.

- dat jy nie met God se verbond erns maak nie.

- dat jy nie Christus se sterwe aan die kruis aanvaar as die wyse waarop God jou en jou kind met Hom wil versoen en inderdaad versoen het nie.

Die genade van God is nie afhanklik van 'n mens se vermoëns of iets wat die mens eers moet doen of verstaan nie. Die genade van God is die enigste grond of fondament waarop ouers sowel as kinders, selfs pasgebore babatjies, salig kan word.

BEANTWOORD DIE VOLGENDE VRAE.

1. Waarom sou u sê, is 'n kind ook 'n sondaar?

.....

.....

2. Sê of die volgende stelling waar of vals is :
   Toe Jesus die kindertjies geseën het, het Hy dieselfde belofte aan hulle gemaak as wat die Heilige Gees deur die doop aan die dopeling maak.

.....

3. Wat is hierdie belofte?

.....

.....

4. Waarom sou u sê, is die doop van kindertjies die helderste en duidelikste verkondiging van God se genade?

.....

.....

5. Waarom lees ons in die Nuwe Testament hoofsaaklik net van volwassenes wat gedoop is?

.....

6. Kan 'n mens op grond van die sogenaamde *huisgesindope* kindertjies doop?

.....

7. Waarom sê jy so?

.....

.....

.....

7 DIE GESKIEDENIS VAN DIE KERK

Tot nou toe het ons gepraat na aanleiding van gegewens wat die Bybel ons bied. Daar is egter ook gegewens uit die geskiedenis van die kerk waarvan ons kennis moet neem.

Let wel: Die gebruike van die kerk is nie die belangrikste nie. Die gebruike van die kerk is alleen maar 'n aanduiding van hoe die kerk oor 'n bepaalde saak of sake gedink het. Wat die kerkgeskiedenis betref, kan ons volstaan met net die voorbeeld uit die jare 185 - 350 n C. By vroeë kerkvaders soos Origines (185 n C), Cyprianus (200 n C) en Augustinus (345 n C) vind ons die bevestiging dat die gebruik om kindertjies te doop, die algemene praktyk van die hele vroeë Christelike kerk was.

Dit beteken hoegenaamd nie dat daar in die tyd slegs kindertjies gedoop is nie. Die vroeë kerk het kinders sowel as volwassenes gedoop. Dit het reeds vir die vroeë kerk nie gegaan oor wanneer (groot of klein) 'n mens gedoop is nie. Dit is vandag nog so in die meeste reformatoriese kerke. Die kinderdoop word nie belangriker as die doop van volwassenes geag nie, en ook nie anders om nie. In dié kerke se Diensboeke (dit is die publikasie waarin onder andere die formuliere vir gebruik in die erediens

vervat is) is daar benewens die formulier om die doop aan die kinders van gelowiges te bedien, ook 'n formulier om die doop aan volwassenes te bedien.

8 HOE MOET 'N MENS GEDOOP WORD?

Moet 'n mens gedoop word deur onderdompeling of deur besprenkeling? Daar is selfs nog ander moontlikhede ook, byvoorbeeld deur die water op die kop van die dopeling te giet.

Oor hierdie saak hoef ons nie 'n lang bespreking te voer nie. Die Griekse woord wat ons normaalweg met *doop* kan vertaal, het ook verskillende ander betekenisse. Die betekenis wat die besondere woord in 'n bepaalde geval het, hang nie van die woord self af nie, maar van die verband waarin dit telkens gebruik word.

Bo en behalwe die feit dat die Griekse woord (afhangende natuurlik van die verband waarin dit gebruik word) ook te doen het met :

was;
indruk;
onder druk;

het dit ook (weer afhangende van die verband!) ander betekenisse, naamlik figuurlike betekenisse.
Enkele voorbeelde hiervan is die volgende:

kleur;
deurweek;
volmaak.

Diegene wat die onderdompeling voorhou as die enigste geldige wyse van doop, beroep hulle normaalweg op die besondere woord vir doop wat die Nuwe Testament gebruik nl *baptitso*. Hulle beweer dat die woord alleenlik en uitsluitlik onderdompeling beteken.

Baie belangrik wanneer ons oor die metode van doop praat, is dat die metode van doop nie die belangrikste is nie. Die **betekenis** van doop kan

nooit ondergeskik gemaak word aan die **wyse** van doop nie. Dit móet vir ons altyd in die eerste plek oor die betekenis van die doop gaan. Die metode is altyd ondergeskik aan die betekenis van die doop. Ons kan dit ook anders sê: Dit gaan nie by die doop oor HOE jy gedoop word nie maar DAT jy gedoop word. As ons dit sê, moet ons ook onthou – dit is NIE die doop wat ons salig maak nie. Dit doen Jesus Christus alleen. Die doop is slegs 'n teken van die reiniging van sondes, deur die bloed van Jesus Christus.

Die doopformulier vat hierdie gedagte so saam: *Ons en ons kinders word in sonde ontvang en gebore. Daarom is ons onder die toorn van God en kan ons nie in sy ryk kom nie, tensy ons weergebore word. Dit word ons geleer deur die indompeling in en besprenkeling met water wat die onreinheid van ons siele aandui.*

Ons ontken dus nie dat die onderdompeling ook 'n geldige wyse van doop is nie. Net so is die besprenkeling egter ook 'n geldige manier van doop. Daarom kan 'n mens deur onderdompeling of besprenkeling gedoop word, solank jy nie die METODE van doop 'n VOORWAARDE vir die doop maak nie. Wanneer jy dit doen, maak jy die saligheid van die een wat gedoop word, afhanklik van die metode waarop gedoop word en dit kan nie.

BEANTWOORD DIE VOLGENDE VRAE:

1. Op watter maniere kan 'n mens gedoop word?

.....

.....

.....

2. Waarom moet die metode van doop aan die betekenis van die doop ondergeskik gemaak word ?

.....

.....

9 ANDER BELANGRIKE SAKE IN VERBAND MET DIE DOOP

In die loop van die voorafgaande hoofstukke is daar dikwels verwys na die *Heidelbergse Kategismus*.

Wat is die *Heidelbergse Kategismus*?

Die *Heidelbergse Kategismus* is 'n leerboek. Hierdie leerboek is in 1560 opgestel deur Zacharias Ursinus en Casper Olevianus. Die *Heidelbergse Kategismus* is 'n onderwysing in die Christelike leer, wat aan ons die waarheid en boodskap van die Bybel wil oordra.

Die *Heidelbergse kategismus* bestaan uit 52 Sondagafdelings, dus 1 afdeling vir elke Sondag van die jaar. Die *Heidelbergse Kategismus* is verder verdeel in drie dele. Die eerste deel handel oor **SONDE**, die tweede deel bespreek ons **VERLOSSING** en die derde deel gaan oor **DANKBAARHEID**.

Die doop word behandel in die tweede deel wat ons **VERLOSSING** bespreek.

Die *Heidelbergse Kategismus*, vorm saam met die *Nederlandse geloofsbelydenis* en die *Dordtse Leerreëls*, die drie belydenisskrifte van onder andere die drie Afrikaanse susterskerke.

'n Belydenisskrif is 'n kernagtige, skriftelike weergawe van wat die kerk amptelik aangaande God en sy Woord glo.

Wanneer ons uit die *Heidelbergse Kategismus* aanhaal, beteken dit nie dat die *Heidelbergse Kategismus* nou by ons die plek van die Bybel ingeneem het nie. Vir ons is die *Heidelbergse Kategismus* altyd aan die Bybel ondergeskik. Ons haal egter met vrymoedigheid uit die *Heidelbergse Kategismus* aan omdat die *Heidelbergse Kategismus* vir ons die beste samevatting is van hoe die kerk die Bybel verstaan.

LEES :

Heidelbergse Kategismus

Sondag 25:

Vraag 66 : Wat is sakramente ?

Antwoord:

Die sakramente is sigbare, heilige tekens en seëls wat God ingestel het om ons deur die gebruik daarvan die belofte van die evangelie nog beter te laat verstaan en dit te beseël. Hierdie belofte is dat God ons vanweë die enige offer van Christus, wat aan die kruis volbring is, vergewing van die sondes en die ewige lewe uit genade skenk.

Wanneer ons na die antwoord van vraag 66 van die Heidelbergse Kategismus kyk, sien ons die volgende:

- Die sakramente is deur God ingestel.

- Die sakramente is sigbaar. Dit beteken ons sien dit met ons oë.

- Die sakramente verkondig die evangelie aan ons op 'n sigbare manier. Die sakramente sê dus vir ons dieselfde dinge wat ons in die Bybel lees en wat ons gedurende die erediens in die prediking hoor, maar net op 'n ander manier.

- Dit verseël aan ons (gee aan ons die versekering) dat, ook ons wat gedoop is en ons kinders wat gedoop is, deel kry aan die verlossingswerk van Jesus Christus.

- Dit is alleen Jesus Christus wat ons verlos en wat vir ons die ewige lewe gee.

Die regverdiging van die goddelose deur die geloof

LEES:

Heidelbergse Kategismus

Sondag 23:
Vraag 60 : Hoe is jy regverdig voor God ?

Antwoord:

Slegs deur 'n ware geloof in Jesus Christus; so dat al kla my gewete my aan dat ek teen al die gebooie van God swaar gesondig het en nie een daarvan gehou het nie en dat ek nog gedurig tot alle kwaad geneig is, dat God nogtans aan my sonder enige verdienste van my kant, uit louter genade die volkome genoegdoening, geregtigheid en heiligheid van Christus skenk. Dit reken Hy my toe asof ek nooit sonde gehad of gedoen het nie, asof ek self al die gehoorsaamheid volbring het wat Christus vir my volbring het. Aan hierdie weldaad het ek deel vir sover ek dit met 'n gelowige hart aanneem.

Wat beteken die woord *regverdiging*?

'n Regverdige mens is iemand wie se verhouding met God reggestel is. 'n Goddelose of Godlose mens is iemand wat nie voldoen aan die eise wat God aan hom stel nie.

Die vraag is: Wie van ons is regverdig? Niemand nie. Altans nie uit homself nie. Geen mens kan uit sy eie regverdig wees nie. As gevolg van ons sonde is ons verhouding met God nie reg nie. Ons sonde vervreem ons geheel en al van God. Sodat, so sê die doopformulier, *ons nie in die ryk van God kan kom nie tensy ons weergebore word nie.*

Die Goeie Nuus is egter God het na ons toe gekom. Hy het in Jesus Christus na ons toe gekom. Deur Jesus Christus gee God vir ons die nuwe lewe. Jesus Christus is die enigste REGVERDIGE. Alleenlik Hy kan ons weer in die regte verhouding met God stel. Daarom is dit so lewensbelangrik dat ons in Christus sal glo. Dit is alleen as ons in Christus glo en aan Hom verbind is dat God ons regverdig verklaar.

Dit is baie belangrik om altyd te onthou: Ons mag nooit ons regverdiging afhanklik maak van ons geloof nie. Die rede daarvoor is dat ons geloof nooit die voorwaarde kan wees vir die feit dat God ons regverdig verklaar nie. Regverdiging is God se genadegawe (vrye geskenk) aan jou.

Ons mag ook nooit dink dat dit ons geloof is wat ons red nie. Die soendood van Christus aan die kruis red ons. Ons geloof is slegs, om dit so te sê, die hand waarmee ons dit wat Christus vir ons gedoen het, ontvang.

God skenk die geloof.

LEES:

Romeine 1: 16,17
2 Korintiërs 4: 13

Net soos wat regverdiging nie 'n menslike prestasie is nie, is geloof dit ook nie.

As geloof dan nie 'n menslike prestasie is nie, waar kom dit dan vandaan? Geloof in Christus die Verlosser is iets wat net God vir 'n mens kan gee.

Hoe gebeur dit ?
God, die Heilige Gees, wek geloof in ons en versterk ons geloof deur onder andere die prediking van die evangelie en die gebruik van die sakramente. Ware geloof is 'n vasstaande kennis en 'n vaste vertroue wat die Heilige Gees deur die evangelie in jou hart werk dat Jesus Christus jou enigste Saligmaker en Verlosser is.

Die doopformulier stel dit so: *Met die doop in die Naam van die Heilige Gees verseker die Heilige Gees ons deur hierdie heilige sakrament dat Hy in ons wil woon en ons tot lede van die liggaam van Christus wil maak. Dit doen Hy deur tot ons eie te maak wat ons reeds in Christus het, naamlik die afwassing van ons sondes en die daaglikse vernuwing van ons lewe....*

BEANTWOORD DIE VOLGENDE VRAE:

1. Wat beteken dit as ons sê dat die sakramente seëls is, of dat hulle iets verseël?

.....

.....

.....

2. Hoe word 'n mens regverdig voor God?

.....

.....

.....

10 WOORD EN SAKRAMENT

LEES:

Heidelbergse Kategismus

Sondag 25

Vraag 65:

Terwyl ons slegs deur die geloof deel aan Christus en al sy weldade kry, waar kom so 'n geloof dan vandaan?

Antwoord:

Die Heilige Gees werk dit in ons harte deur die verkondiging van die heilige evangelie en versterk dit deur die gebruik van die heilige sakramente.

Hierbo het ons oor geloof gepraat en het ons gesê dat die Heilige Gees geloof in ons werk en versterk. Die vraag wat ons nou moet vra is: Hoe werk en versterk die Heilige Gees geloof in my hart ?

Die *Heidelbergse Kategismus* gee in vraag 65 hierop 'n antwoord. Wanneer ek teenwoordig is in die erediens, waar die evangelie verkondig word, daar werk die Heilige Gees geloof in my. Die Woord van God en die verkondiging daarvan is die Heilige Gees se instrumente om ons tot geloof te bring en om ons geloof te versterk. As God self nie so vir ons geloof gee nie kan ons nie glo nie. As ons nie glo nie kan ons nie in verbondenheid met Christus leef nie. As ons nie in geloofsverbondenheid met Christus leef nie kan ons nie in die regte verhouding tot God lewe nie.

Die *Heidelbergse Kategismus* sê ook dat ons geloof versterk word deur die gebruik van die sakramente.

Dit bring ons by die vraag: Wat presies is dan die verhouding tussen Woord en sakramente ?

LEES:
Heidelbergse Kategismus

Sondag 25 :

Vraag 67:
Is die Woord en sakramente albei daarvoor bestem om ons geloof op die offer van Christus aan die kruis as die enigste grond van ons saligheid te wys.

Antwoord :
Ja seker, want die Heilige Gees leer ons in die evangelie en verseker ons deur die sakramente dat ons volle saligheid op die enige Christusoffer rus, wat aan die kruis vir ons gebring is.

Wat die *Heidelbergse Kategismus* hier leer, is dat daar 'n baie sterk ooreenkoms is tussen die prediking van die Woord en die bediening van die sakramente. Sowel die prediking van die Woord en die bediening van die sakramente is verkondiging.

Ons kan egter wel 'n onderskeid tref sonder om die prediking en die sakramente van mekaar te skei. Ons kan die prediking VERKONDIGINGSWOORD, en die sakramente VERKONDIGINGSHANDELINGE noem.

Die verkondiging van God se Woord en die bediening van die sakramente sê vir ons dieselfde. Albei vestig ons aandag op die offer van Jesus Christus aan die kruis, op grond waarvan God ons regverdig verklaar. Die Heilige Gees gebruik beide om geloof in jou te werk en te versterk. Die een is nie meer of minder belangrik as die ander nie.

BEANTWOORD DIÉ VOLGENDE VRAE:

1. Hoe gebeur dit dat 'n mens glo?

.....

.....

.....

2. Wat kan jy doen sodat jou kind sal glo?

.....

.....

.....

3. Waarom is die verkondiging van die Woord van God en die gebruik van die sakramente vir gelowiges belangrik?

.....

.....

.....

11 DIE HEILIGE GEES EN DIE DOOP

LEES:

Heidelbergse Kategismus

Sondag 26 :

Vraag 69:
Hoe word jy in die doop daarop gewys en daarvan verseker dat die enige offer van Christus aan die kruis jou ten goede kom ?

Antwoord :
So: Christus het die uitwendige waterbad ingestel. Daarby het Hy beloof dat ek net so seker met sy bloed en Gees van die onreinheid van my siel, dit is, van al my sondes, gewas is as wat ek uitwendig met die water gewas is wat die vuilheid van die liggaam wegneem.

Die doop mag nie vir ons iets anders wees as die sigbare teken van die afwassing van ons sondes, deur Jesus Christus se bloed nie.

Onthou steeds: Dit is nie die doop wat jou van sondes verlos nie. Alleen Christus kan dit doen. Christus het gesterf vir ons sondes – om ons met God te versoen – daarom kan net Christus jou van sondes verlos.

Vroeër het ons gesê dat die Heilige Gees geloof in ons werk en versterk. Nou moet ons die werk van die Heilige Gees met die doop in verband bring. In Romeine 6: 4,5 lees ons: *Deur die doop is ons immers saam met Hom in sy dood begrawe, sodat, soos Christus deur die heerlike magsdaad van die Vader uit die dood opgewek is, ons ook so 'n nuwe lewe kan lei. Aangesien ons met Hom een geword het in sy dood, sal ons sekerlik ook met Hom een wees in sy opstanding.*

Dit beteken ons kry by die doop deel aan die gebeurtenis wat vir ons die ewige lewe beteken. Die Heilige Gees verbind ons deur die doop aan Christus, en so kry ons deel aan die sterwe en opstanding van Christus.

Die doopformulier sê as hy hieroor praat: *As ons in die Naam van die Heilige Gees gedoop word, verseker die Heilige Gees ons deur hierdie heilige sakrament dat Hy in ons wil woon en ons tot lede van die liggaam van Christus wil maak.*

LEES:

Heidelbergse Kategismus

Sondag 27

Vraag 72:
Is die uitwendige waterbad self dan die afwassing van die sonde ?

Antwoord:
Nee, want alleen die bloed van Jesus Christus en die Heilige Gees reinig ons van alle sondes.

Is die doop noodsaaklik

As dit dan nie die doop is wat ons van ons sonde verlos nie, is die doop dan noodsaaklik?

Die antwoord is: Ja die doop is noodsaaklik.

Die doop is en bly vir die gelowiges die sigbare teken daarvan dat Christus ons met sy bloed en Gees wil was. Die doop verseker ons van hierdie saak en verseël hierdie Blye Boodskap aan ons.

Die doop bly steeds 'n instrument waardeur die Heilige Gees geloof in ons werk en versterk.

Die doop is noodsaaklik, al is dit nie die doop wat ons salig maak nie, omdat ons op hierdie wyse van God se liefde verseker word.

BEANTWOORD DIE VOLGENDE VRAE :

1. Waarom sê ons dat dit nie die doop is wat ons verlos nie?

.....

.....

2. Is die doop noodsaaklik?

.....

.....

3. Hoekom sê u so?

.....

.....

12 DIE DOPELING : GOD SE EIENDOM EN DEEL VAN SY KERK

God se eiendom

Om gedoop te word in die Naam van die Vader, en van die Seun en van die Heilige Gees, beteken dat die een wat gedoop word nou ook die eiendom word van die drie-enige God in wie se Naam hy/sy gedoop word.

Gedoopte gelowiges dra die merkteken dat hulle God se eiendom is. Dit beteken nie dat hulle *volmaak* en *heilig* word nie. Hulle bly nog sondaars, maar hulle is begenadigde sondaars – God se sondaars.

'n Deel van sy kerk

LEES:

1 Korintiërs 12: 12-31
Heidelbergse Kategismus

Sondag 20

Vraag 54:
Wat glo jy van die heilige, algemene Christelike kerk ?

Antwoord:
Dat die Seun van God uit die hele menslike geslag vir Hom 'n gemeente wat tot die ewige lewe uitverkies is, deur sy Gees en Woord in die eenheid van ware geloof van die begin van die wêreld af tot die einde toe vergader, beskerm en onderhou en dat ek daarvan 'n ewige lid is en sal bly.

Dit is nie moontlik om hier volledig oor die kerk te praat nie. Ons gaan net enkele sake aanstip.

Die Kerk mag nooit verstaan word as 'n gebou van steen en sement nie.

Die Kerk is die liggaam van Christus. Ons bely in die *Twaalf Artikels*: *Ek glo (aan) 'n heilige, algemene Christelike kerk, die gemeenskap van die heiliges....*

Die verbondenheid aan Christus is die voorwaarde om deel van die kerk te wees. Ons het reeds gesien dat ons deur die doop in Christus ingelyf word. Die doop is egter ook inlywing in die liggaam van Christus, sy Kerk.

Om deel te wees van die kerk beteken dat jy deel het aan die opdrag van Christus aan sy kerk. Hierdie opdrag is onder andere die uitdra en uitleef van die Evangelie van Jesus Christus. Aan die taal en aan die lewe van diegene wat aan Christus se liggaam behoort, moet die wêreld Jesus Christus kan leer ken. Dit is 'n lewenstyl wat kenmerkend is van 'n mens wat leef uit die oortuiging dat hy reeds deel het aan die saligheid.

13 OUERS - U VERANTWOORDELIKHEID!

U het nou baie dinge gehoor en geleer oor die betekenis van die doop. Voordat u egter u kind ten doop kan hou, moet u eers op sekere vrae antwoord. Hierdie vrae word gevra om vas te stel of u werklik verstaan waarom dit gaan. Verder lê u ook 'n belofte af. Die doopbelofte.

U moet ten volle bewus wees van waarom dit gaan. U moet besef dat die doop nie 'n geleentheid is waar kinders hulle name kry nie. Die het hulle alreeds wanneer hulle gedoop word. By die doop gaan dit om baie baie meer.

U mag ook nie net u kinders laat doop en dan verder van die eredienste op Sondae wegbly nie. Net so min mag u, u kinders laat doop, terwyl u verder nie Nagmaal gebruik nie. Dit sou die eerste tekens daarvan wees dat u die doop nooit verstaan het nie. Indien u werklik die betekenis van die doop verstaan, sal u die erediens gereeld bywoon, om na die verkondiging van die evangelie te luister. U sal ook gereeld Nagmaal gebruik om so versterk te word in u geloof in Jesus Christus.

U moet ook besef dat u kind na sy/haar doop 'n dooplidmaat van die kerk is.

Dink nou mooi na oor watter verantwoordelikheid u belofte by die doop van u kind vir u inhou.

U belowe om u kind *in hierdie leer na u vermoë te onderrig en te laat onderrig.* 'n Mens onderrig 'n kind op verskillende maniere. Deur woorde wat hy/sy hoor. Deur voorbeelde wat hy/sy sien. Die voorbeeld wat 'n kind by sy ouers sien, is belangriker as die dinge wat ouers hulle kinders sê om te doen. Verder leer 'n kind deur self te doen.

Wat u nooit moet vergeet nie is dat die eerste vyf tot ses jaar die heel belangrikste jare van u kind se lewe is. Tydens hierdie jare word die grondslae vir die res van sy lewe gelê – ook vir sy geloofslewe as Christen.

By u as ouers moet hy/sy sien en hoor en leer dat u eie geloof waaragtig is. Hy moet by u sien en hoor en leer hoe 'n mens met jou liefde antwoord op God se groot liefde vir jou. U kind moet by u sien en

hoor en leer dat as 'n mens God liefhet dit van jou vra om God gereeld sonder inagneming van moeite of verdriet, te aanbid. Nie soos dit jou pas nie, maar soos Hy dit van jou vra.

U kind moet by u sien en hoor en leer dat 'n mens jou liefde vir God nie net toon deur Hom gereeld, dit is elke dag te aanbid in die kring van jou huisgesin, in jou persoonlike godsdiens en elke Sondag saam met die gemeente nie. Maar dat jy jou liefde vir God veral ook toon deur reg te lewe en eerder sy wil as jou eie wil te doen.

Verder moet u kind by u sien en hoor en leer dat u God vertrou in alles vir die tydelike en ewige lewe.

U kind moet ook by u sien en hoor en leer dat u altyd by dit wat u glo en bely, bly: in voorspoed en in teëspoed; wanneer dit u pas, maar ook wanneer u nie lus het nie; oral en altyd; in die kerk, by die huis, by die werk; elke dag van die week.

U kind moet by u sien en hoor en leer wat bekering is. Dat dit nie slegs gaan oor die nalaat wat verkeerd is nie, maar dat bekering veral ook beteken dat nadat jy die verkeerde laat vaar het, jy die regte, die goeie doen, God se wil in die plek daarvan doen.

U kind moet by u sien en hoor en leer hoe om die groei en die vooruitgang van die kerk na die beste van sy vermoë en met toewyding te bevorder. U kind moet ook by u sien en hoor en leer dat 'n mens hom met die nodige respek aan die vermanings van die kerk steur en dat 'n mens jou aan die vermanings van die kerk onderwerp.

U kind moet by u sien en hoor en leer op watter wyse 'n lidmaat van die kerk 'n lewende lid van die liggaam van Christus moet wees.

So alleen sal u u kind werklik leer om die vooruitgang van die kerk van Christus na die beste van sy vermoë te bevorder.

EK BELY DAT MY KIND(ERS) ALHOEWEL HULLE IN SONDE ONTVANG EN GEBORE IS, EN DAAROM AAN ALLERHANDE ELLENDE, JA AAN DIE VERDOEMENIS SELF ONDERWORPE IS, TOG IN CHRISTUS GEHEILIG IS, EN DAAROM AS LIDMATE BEHOORT GEDOOP TE WEES.

EK BELY DAT DIE LEER VAN DIE OU EN DIE NUWE TESTAMENT, WAT IN DIE ARTIKELS VAN DIE CHRISTELIKE GELOOF SAAMGEVAT IS EN IN DIE CHRISTELIKE KERK HIER GELEER WORD, DIE WARE EN DIE VOLKOME LEER VAN DIE SALIGHEID IS.

EK ONDERNEEM OM MY KIND OP DIE VOLGENDE WYSE IN HIERDIE LEER TE ONDERRIG EN TE LAAT ONDERRIG:

.....

.....

.....

.....

.....

.....

Sterkte met die uitvoering van u doopbelofte!

Aantekeninge

Aantekeninge

Aantekeninge